DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

# Inligtingstuk vir 2026

## Baba, Peuter & Kleuter Ontwikkelingsentrum(3 maande - Graad RR)

Hoof: Jaun-Marie Grobler | Kontaknommer: 076 354 4073
kameeldrift@doxadeokidsacademy.org

## Baie welkom by Doxa Deo Kids Academy Kameeldrift

Mag dit die begin van 'n lang, gelukkige verbintenis met ons skool wees. Ons is 'n Christus-gesentreerde skool wat 'n uitmuntende grondslag bied vir ons toekomstige leiers. Met 'n ondersteunende gemeenskap en passievolle  personeel is dit maklik om hande te vat tot voordeel van ons kinders.

Kontaknommer: 076 354 4073
E-pos adres: kameeldrift@doxadeokidsacademy.org

DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

## A.STRUKTUUR

Die basiese struktuur bestaan uit een onderwyser en een assistent per klas, en ons skool bestaan uit vier klasse.

- 3 - 12 maande
- 12 maande - 2 jaar. ( Graad RRRR )
- 2 jaar - 3 jaar ( Graad RRR )
- 3 - 5 jaar ( Graad RR )

**DIENSTE AANGEBIED (Ingesluit by skoolfooie)**

**Robotika 3 tot 5 jaar** - By ons skool bied ons 'n opwindende Robotika-program aan wat leerders aan die wêreld van tegnologie en programmering bekendstel. Met Cubroid Coding blokke kan studente maklik die basiese beginsels van kodering en robotika op 'n prettige, praktiese manier aanleer. Hierdie blokke is draadloos, wat dit maklik maak om te koppel en te gebruik, en stel leerders in staat om hul eie robots te bou en te programmeer, terwyl hulle kritiese denke, probleemoplossing en kreatiwiteit ontwikkel. Ons Robotika-program berei studente voor vir 'n tegnologie-gedrewe toekoms en kweek vaardighede wat noodsaaklik sal wees in die wêreld van môre.

**Playball 2 tot 5 jaar -** 'n Vroeë kinderontwikkelingsprogram wat sport en beweging gebruik om kinders holisties te ontwikkel, met die fokus op hul fisiese, kognitiewe, emosionele en sosiale groei. Deur middel van stimulerende aktiwiteite verbeter kinders hul motoriese vaardighede, koördinasie en liggaamsbewustheid, terwyl hulle ook spanwerk, dissipline en selfvertroue bevorder. Hierdie goed gebalanseerde benadering moedig gesonde ontwikkeling aan en berei kinders voor vir toekomstige leer en uitdagings, sowel op die veld as van dei veld af.

**MommaMia (3maande tot 3 jaar)** - Ontwikkel die genie in jou kind. Hierdie program vir babas en kleuters help om jong gedagtes te ontwikkel om selfgemotiveerde en geïnspireerde innoveerders van die toekoms te word.

**Kuns  (alle ouderdomme)** - Kuns is baie pret! Dit word daagliks aangebied om jou kleuter se verbeelding uit te brei, fyn motoriese vaardighede te oefen, en verseker baie lag.

**Bak en Brou (alle ouderdomme)** - Om saam met kleuters te bak en brou is 'n wonderlike manier om jou kind vaardighede soos tel, meet, weeg en tydsbegrip te leer – sonder dat hulle dit eens agterkom.

**Vakansieprogram**
Ons bied deur die jaar ’n vakansieprogram aan vir ons leerders. Tydens die program sal daar elke oggend pap voorsien word, maar ouers word vriendelik versoek om vir hul kinders middagete en ekstra happies in te pak vir die dag.
Daar is geen ekstra kostes verbonde aan die vakansieprogram nie – dit is deel van ons diens aan ons ouers en leerders.

DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

**Eksterne instellings nie ingesluit by skoolfooie nie**:

- Ballet
- Arbeidsterapie
- Spraakterapie
- Spelterapie
- Rugby Skills and development
- EduHorse
- Baby Nastix
- Kinetic Freaks

Al ons eksterne instellings maak gebruik van personeel met toepaslike kwalifikasies in opvoeding, musiek, kuns en arbeidsterapie.

**Spelterapie**

Spelterapie is 'n vorm van psigo-terapie waar kinders deur speel gehelp word om gedrags-, emosionele, en sosiale uitdagings te bowe te kom. Hoe dan nou anders? Speel is die natuurlike manier vir kinders om te kommunikeer, hulself uit te druk, sin te maak van hul leefwêreld en om oplossings uit te toets. Spelterapie het 'n positiewe invloed op kinders se self-beeld, waagmoed, sosiale vaardighede, emosionele intelligensie en dit help om die behoeftes onderliggend aan gedrag aan

**Spraak & Taal Terapie**

'n Spraak- en Taalterapeut is 'n opgeleide professionele persoon wat kinders en volwassenes evalueer en behandel in die volgende areas:

1. Spraak afwykings (artikulasie, hakkel, stem probleme)
2. Sukkel met suig, kou of sluk
3. Swak tong/lip spiere
4. Sukkel met luister vaardighede en prosessering van ouditiewe inligting
5. Taal agterstand (begrip en gebruik van eerste of tweede taal, sukkel met sosiale

**Arbeidsterapie**

As arbeidsterapeute werk ons aan 'n kind se groot- en fyn motoriese vaardighede asook hulle visuele persepsie en sensoriese prossesering. Al hierdie vaardighede speel'n rol in 'n kind se deelname in alledaagse aktiwiteite en skolastiese prestasie.

**Ballet**

Ballet ontwikkel spiere en krag, soepelheid en mobiliteit, wat hulle in staat stel om moeilike bewegings met gemak en grasie uit te voer. Ballet verbeter die liggaam se postuur en balans, wat bydra tot 'n meer elegante liggaams vorm

DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

**Skoolreëls en algemene inligting**

**1.Godsdiensbeleid**
Doxa Deo Kids Academy is ‘n Christus-gesentreerde skool wat christelike waardes en beginsels nastreef.

**2.Taalbeleid**
Ons is 'n dubbelmedium skool en bied onderrig in beide Afrikaans en Engels aan.

**Skoolure**

**Maandag – Vrydag: 6:45-17:00**
**Respekteer asb die sluitingstyd van 17:00.**

‘n Boete van R30 per 5 minute sal gehef word na 17:00, wat dadelik betaalbaar is aan die juffrouens aan diens. Naskool sal om 16:00 (4 uur) sluit voor n lang naweek.

Skool sal gesluit wees op publieke vakansiedae en spesiale skoolvakansie dae, aangewys deur die Departement van Onderwys. ‘n Kalender sal na ouers deurgegee word.

**Skool sal ook tydens die Desember vakansie gesluit wees.**

Tydens skoolvakansies sal daar n vakansieprogram aangebied word teen geen addisionele koste vir Doxa Deo maats nie.

Ouers word versoek om soggens betyds te wees, geen kind moet later as 8:00 by die skool wees nie.Dit is baie ontwrigtend vir die leerders en onderwyser wat dan begin met klastyd en die maatjie verloor dan belangrike mylpale.

## 5.Veiligheid

- Kinders moet asseblief in die oggende saam ‘n volwassene tot by die klas vergesel word.
- Geen persoon anders as wat aangedui is op ‘n kind se inskrywingsvorm mag ‘n kind kom haal sonder toestemming van ouer nie.
- Lig ons asseblief in van enige trauma wat u kind mag beleef het, sodat u kind met die regte wyse hanteer kan word.
- Die skool behou die reg voor om indien ‘n kind met enige beserings of merke by die skool arriveer, die ouer te vra om die aard van sodanige beserings aan te meld. Indien ouer sou weier, sal skool verplig wees om dit by Die SAP of Departement van Gesondheid en Welsyn aan te meld.

## 6.Etes en verversings

- Ontbyt in die vorm van warm pap word aan die kleuters voorsien .
- Kinders kry daagliks ‘n gesonde, gebalanseerde middagete.
- Verskaf asseblief ‘n klein kosblik vir die 10:00 peuselhappie.
- Pak eie waterbottel met vars water in.
- Verwittig die skool van enige allergieë. Ons is n grondboon vrye zone!!!
- Geen lekkergoed mag skooltoe gestuur word nie.
- Ouers met babas en peuters voorsien eie formule melk .

## 7.Kennisgewing aan skool

Ouers moet asseblief die skool verwittig indien kind afwesig is.

## 8.Speelgoed

Geen speelgoed van die huis af word by die skool toegelaat nie.

## 9.Verjaarsdae

‘n Verjaardag is 'n groot gebeurtenis, en ons sal dit graag wil vier. Ouers is baie welkom om kolwyntjies en/of partytjiesakkies skool toe te stuur vir 'n klaspartytjie. Ons versoek asseblief geen suigstokkies nie.

DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

## 10.Kommunikasie aan ouers

- Kommunikasie sal ook op die klas WhatsApp groepie geplaas word.
- E-posse word ook van tyd tot tyd uitgestuur.

## 11.BENODIGDHEDE

**Daagliks**

### Babas : 3 maande - 18 maande

- 8 doeke
- Boudjiesalf
- Wet wipes
- 2 ekstra stelle klere
- 5 borslappe
- Doeksakkies
- Bottels
- Formule melk
- Eie sagte kossies – vir ontbyt, snack tyd en middagete indien hulle nog nie skoolkos kan eet nie.
- Kombers
- Beddegoed vir kot.

### Peuters: 19 maande - 3 jaar

- Ekstra stel klere
- Weggooidoeke
- Boudjiesalf
- Wet-wipes
- Plastieksakkie
- Bottel/melk en of drinkbekertjie
- Kam/borsel

### Kleuters: 3 jaar - 5 jaar

- Ekstra stel klere & onderklere
- Drinkbekertjie met water

**Alle persoonlike items moet DUIDELIK GEMERK WEES!**

**Kwartaalliks**

- 2X Pakke wet wipes
- 1X Bokse tissues
- 1 Botteltjie handwasseep
- Skryfbehoefde lys sal deurgestuur word (Jaarliks)
- 1x boks latex handskoene ( vir babas op doeke )

## 12. Afsprake

Ouers/voogde word uitgenooi om enige bekommernisse met ons te bespreek. As die leerder se vordering nie bevredigend is nie, en hul gedrag uitdagend is, sal die onderwyser en hoof 'n afspraak met die ouer/voog skeduleer. Tydens die afspraak sal 'n intervensieplan bespreek word, en die hulp van 'n derde party, soos 'n sielkundige, arbeidsterapeut of spraakterapeut, indien nodig ingespan word. Alle verslae moet aan die skool verskaf word.

## 13.Medisyne en siektes

- Vitamines moet asseblief tuis toegedien word.
- Geen medisyne mag in ‘n kind se tas gelos word nie. Teken asb enige medisyne by die klasonderwyser aan.
- Dit is die ouer se plig om die medisyne in die middae te onthou as die kleuter afgehaal word.
- Indien u kind koors ontwikkel, sal u dadelik gekontak word. ‘n Koorsmiddel word dan slegs met u geskrewe toestemming aan u kind toegedien. U sal versoek word om u kind te kom haal.
- Enige besering sal deur personeel hanteer word en telefonies aan u oorgedra word. U sal versoek word om u kind te kom haal, sou dit mediese sorg benodig.
- Kinders wat vorige nag koors gehad het, moet asseblief nie skool toe gestuur word voordat koors nie onder beheer gebring is nie.
- Waar aansteeklike siektes gediagnoseer is moet die kind tuis versorg word, totdat hul nie meer aansteeklik is nie.

| Oordraagbare siektes | Terugkeer na skool |
|---|---|
| Duitse masels (Rubella) | 7 dae na verskyning van uitslag |
| Hepatitis A | 7 dae na verskyning |
| Kinkhoes | 21 dae na aanvang van paroksismes |
| Luisinfestasie | Na algehele reiniging en verwydering van kop, liggaam en klere |
| Masels | 7 dae na verskyning van uitslag |
| Breinvliesontsteking | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat |
| Pampoentjies | 9 dae na verskyning van swelsel |
| Skabies | 24 uur na behoorlike en effektiewe behandeling |
| Maagkoors | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat |
| Waterpokkies | 14 dae na verskyning van uitslag |
| Witseerkeel | By voorlegging van ‘n geneeskundige sertifikaat |
| Diarree met koors | Nadat toestand heeltemal opgeklaar is |
| Ooginfeksies – insluitende “Pink eyes” | Nadat infeksie heeltemal opgeklaar is |
| Hand-voet-mond-virus | Nadat blasies opgedroog het |

DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

## 14.Klere en skoene

Alles moet asseblief gemerk wees, komberse ook .

## 15.Kopluise

GEEN kind word by die skool toegelaat met kopluise nie.Ouers word dadelik geskakel as dit opgemerk word. Kind mag nie terug kom skool toe voor kop skoon van luise en nete is nie.

## 16.Voorwaardes

### Toelating

Kinder tussen die ouderdom van 3 maande en 5 jaar sal toegelaat word mits getalle dit toelaat.

### Kennisgewing

Skriftelike kennis vir een kalender maand of n volle maand se fooie is betaalbaar in die afwesigheid van sodanige kennisgewingsperiode, indien u kind se akademie gestaak word.

## 17.Verandering van kontakbesonderheide

Enige adres ( huis of werk) en /of telefoon verandering moet dadelik deurgegee word.

DOXA DEO
KIDS ACADEMY
Kameeldrift

**18. Tarriefstruktuur 2026 - betaalbaar oor 11 maande.**

| | | Halfdag **06:45-14:00** | Voldag **06:45-17:00** |
|---|---|---|---|
| **Volweek** (Ma - Vry) | 1ste kind | R 3 930 | R 4 650 |
| | 2de kind | R 3 740 | R 4 420 |

**Registraseifooi R 1 540.00**

Fooie is vooruitbetaalbaar en voor of op die laaste dag van elke maand van die jaar. Indien die totale jaar se fooie voor die einde Februarie betaal word, word daar 5% korting toegestaan.

Eenmalige Inskrywingsfooi van **R1 540 onmiddellik betaalbaar** tydens 'n nuwe inskrywing om u kind se plek te verseker en 'n **R 900 herregistrasiefooi per jaar**. (nie terugbetaalbaar nie). Die Inskrywingsfooi en herregistrasiefooi sluit alle instappies en uitstappies in.

Fooie sal ook jaarliks hersien word wat effektief elke Januarie sal plaas vind, maar reeds gedurende Oktober van die vorige jaar gekommunikeer word.

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Bank: DDET (Doxa Deo Educational Trust)**
**Rekening nommer: 411 6139 278**
**Verwysing: Kind se naam**

*Matteus 18:5*

*"En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My"*

*Ps. 91:11*

*Hy sal Sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ookal gaan.*